HOOFSTUK I

DOELSTELLING, AFBAKENING VAN STUDIEVELD EN METODE VAN ONDERSOEK

1.1. DOELSTELLING

1.1.1. Inleiding

Plato het meer as tweeduisend jaar gelede besef dat begaafde leiers die staat se kosbaarste besit is. Hierdie begaafde leiers is volgens Hildreth diegene wat ekonomiese, sosiale en wetenskaplike vooruitgang moontlik maak. Deur die eeue was daar diegene wat as gevolg van hulle besondere begaafdhede as leiers bo die gewone volkslae uitgestyg het.

So word die industriële rewolusie van die agtiende eeu gekenmerk deur talle begaafde uitvinders en ontdekkers op industriële vlak. Word daar gelet op verskillende arbeidsbesparende masjinerie, doeltreffende vervoermiddels, langafstandkommunikasie, radio en verskillende ontdekkings op die gebied van die mediese wetenskap, moet onder die indruk gekom word van die waardevolle werk van mense soos James Watt, Davy, Marconi, Louis Pasteur, Faraday en andere.

Hierdie "...people with natural ability and superior training have eased the lot of the common people while creating a new era of health and wealth." [1)]

Die materiële en maatskaplike vooruitgang in die huidige eeu vereis in 'n groter mate 'n aantal hoogsgeskoolde, intellektuele en tegnologiese spesialiste op alle vlakke van die lewensterrein.

---

1) Hildreth, Gertrude H. Introduction to the gifted, p.2.

In baie lande word vandag veel moeite gedoen met die opleiding van begaafde leiers op industriële, wetenskaplike, landboukundige, sosiale, mediese, staatkundige, ekonomiese en vele ander terreine van die samelewing.

Die Republiek van Suid-Afrika het begaafde leiers in alle sektore van elke ontwikkelingsvlak van die samelewing nodig. Hierdie behoefte bestaan vanaf die staatsdiens tot in die kleinste afdeling van die privaatsektor. Om hierdie leiers te voorsien moet die potensiaal van die Republiek se mensemateriaal tot die hoogs moontlike mate van doeltreffendheid en kundigheid ontgin en ontwikkel word, sê Martin Spring.[2)]

Hierdie potensiële leiers het nie alleenlik onderwys en opvoeding nodig nie, maar in besonder geleenthede om potensiële leierskap tot volle ontplooiing te laat kom. Geen volk kan bekostig om die vermoëns van sy talentvolle jeug te verwaarloos nie! Allermins die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika met sy ongelyke getallestryd. [3)]

Van Wyk beweer dat, indien die industrieel-stedelike ontwikkeling van Suid-Afrika later begin het, gedifferensieerde onderwys die bevolking tydig daarvoor sou voorberei het. Die blanke bevolking in die land sou dan beter toegerus gewees het vir die eise wat die industriële beskawing aan die intellektuele vermoëns en die peil van onderwysopleiding aan die blanke bevolking, en in besonder die Afrikaner, stel.

Met betrekking tot professionele, tegniese, uitvoerende en besturende beroepe beklee die Afrikaner nog steeds 'n minderwaardige posisie teenoor die anderstalige groepe in die land.[4)]

---

2) Spring, M.C. Geleenthede vir gegradueerdes 1968, p.14.

3) Ibid., p.14.

4) Van Wyk, S. Die Afrikaner in die beroepslewe van die stad, p.27.

In die Vaaldriehoek vind Van Wyk dieselfde verskynsel, en gee by wyse van die volgende skematiese tekening die verspreiding van die Afrikaner teenoor die Engelstalige in die verskillende beroepe weer.

TABEL I

BEROEPSDISTRIBUSIE VAN BLANKE MANS VOLGENS TAALGROEP IN VEREENIGING-VANDERBIJLPARK.[5]



1. Professioneel, tegnies.
2. Administratief, uitvoerend, besturend.
3. Klerklik.
4. Verkoopswerk.
5. Boerdery, vissery, bosbou.
6. Myne, steengroewe.
7. Vervoer en kommunikasie.
8. Vakmanne, operateurs, arbeiders.
9. Dienste, sport en ontspanning.
10. Werkloos, beroep onbepaalbaar.

---

5) Ibid., p.139.

6) Die persentasies in tabel 1 is verkry deur die betrokke aantal persentasiegewys te bereken in verhouding tot die totale aantal manlike werkkragte in dié gebied.

"In hierdie gebied (Vereeniging-Vanderbijlpark) word die Afrikaner as direkteur, bestuurder en werkende eienaar verhoudingsgewys deurgaans deur Engelstaliges oortref." [7]

Met die vestiging van sekondêre nywerhede in die Vaaldriehoek word die behoefte aan gespesialiseerde beroepsleiers in die gebied steeds groter.

Die behoefte het so groot geword dat groter nywerheids-instellings van die Vaaldriehoek soos die Yster en Staal Korporasie, asook die Vanderbijlparkse Ingenieurskorporasie, permanente werwers in die buiteland (Europa) het om genoegsame professionele en tegniese lui vir genoemde instansies te werf.[8]

Van hierdie agterstand sê Van Wyk "In elke geval kan hy (Afrikaner) sy beroepsagterstand alleenlik uitwis deur bewustelik daarna te streef, deur optimale benutting van onderwysgeleenthede en deur die ontwikkeling van elke greintjie latente vermoë." [9]

In die lig van bogenoemde agterstand van die Afrikaner wil hierdie studie nou die onderwys in die Vaaldriehoek ondersoek. Verder wil dit enkele onderwysprobleme uitsonder met die oog op voorstelle vir moontlike suksesvolle oplossing van spesiale onderwys vir verstandelik begaafde leerlinge. Die suksesvolle opleiding van verstandelik begaafdes mag verder help in die voorsiening in die behoefte aan ekonomies-maatskaplike leiers in die gebied van die Vaaldriehoek.

Enkele onderwysprobleme van die juniorafdeling van die laerskool sal verder uitgelig word met die oog op voorstelle vir suksesvolle onderwys van die verstandelik begaafde Afrikaanse kind hier te lande.

---

7) Ibid., p.138.

8) Persoonlik weet opsteller dat daar tans twee werwers van Yskor en een van Vikor in Europa werksaam is. Sien bylaag B3, p. 151.

9) Van Wyk, op. cit., p.239.

Verder wil dit slegs die belangrike plek van begaafde leiers in Suid-Afrika in die staal-, tekstiel-, papier- en motorbedryf, olieraffinaderye en talle ander industrieë beklemtoon.

Die studie wil die doeltreffendste onderwys en opleiding in ooreenstemming met die kind se vermoëns bepleit. Richmond beweer dat die skool moet wegkom van die beklemtoning van "... the relatively minor differences in certain kinds of cognitive abilities at the expense of ignoring those major attributes which give human life its meaning and dignity." [10] Volgens Johnson en Medinnus is intelligensie een van die basiese vereistes vir menslike ontwikkeling. Verder onderskryf hulle Terman se siening in verband met intelligensietoetse as middel tot ontdekking van verstandelik begaafdes soos volg: "One thing that may be said on behalf of Terman's definition (of intelligence) is that the sort of facility he wished to measure was apparently the kind of intelligence most closely correlated with success in formal academic undertakings." [11]

Vir die doel van hierdie studie word leerlinge ooreenkomstig die RGN se NB-groeptoets vir vyf- en sesjariges (209 PV) en die NB-groeptoets vir sewe- en agtjariges (NB.210) met 'n intelligensiekwosiënt van 110 en hoër as verstandelik begaafd beskou. Die intelligensiekwosiënt van 110 dien dan ook as onderste grens vir verstandelike begaafdheid met betrekking tot hierdie studie.

1.1.2. Verstandelike begaafdheid en prestasie

Na aanleiding van die doelstelling wil die ondersoeker hom slegs bepaal by diegene wat oor bo-gemiddelde verstandelike vermoëns beskik.

Uit hierdie verstandelike begaafdes ontplooi ooreenkomstig Terman en Hollingworth die meeste leiers in die latere lewe.

---

10) Richmond, W.K. The free school, p.82.

11) Johnson, R.C. & Medinnus. Child Psychology, p.148.

Verstandelik begaafde mense het volgens Hollingworth deur die eeue heen bestaan en sal vir solank die menslike geslag op aarde woon, bestaan. "In barbaric society, historians find the noble and the royal castes developed as means of distinguishing the best and their offspring." [12]

1.2. AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Ten einde tot 'n duideliker beeld van die doelstelling soos hierbo gestel te geraak, is dit nodig dat die ondersoek soos volg begrens word:

1.2.1. Die ondersoek word beperk tot die eerste fase van die laerskool, bekend as die juniorafdeling van primêre onderwys.

Die juniorafdeling is gekies omdat hierdie afdeling volgens verskillende opvoedkundiges die sluitsteen van sukses in die latere skoolloopbaan is.

Nel sê die volgende van kinders wat in hulle kleuterjare in die opvoedings- en onderwysproses verwaarloos is: "Wat hier plaasvind is 'n swak humaniseringsgebeure en 'n uiters swak opvoedingsgebeure waardeur die intensionele gerigtheid en werklike selfstandigwording nie tot hulle reg kom nie." [13]

Grey aksentueer die belangrikheid van die kleuterjare en die invloed wat dit op die latere persoonlikheidsontwikkeling het, baie sterk. Sy haal Fröbel se beskouing oor die belangrikheid van beinvloeding gedurende die kleinkinder- of kleuterjare soos volg aan: "Ich musz, je länger ich mich mit Erziehung der Jugend zu wahrhaften Menschen beschäftige, zu der sich immer mehr klärenden und bevestigenden Überzeugung kommen, das dasz Fondament der Eckstein der Menschernerziehung in der allerersten Kindererziehung von den ersten Lebensjahren bis in das 6-8 Jahr liegt. Alle spätere Ersiehung ist nur im strensten Sinn, Aushilfswerk. Stück und Flickwerk. In diesen

---

12) Hollingworth, Leta S. Gifted children, p.1.

13) Nel, B.F. Fundamentele oriëntering in die psigologiese pedagogiek, p.187.

Jahren scheint mir das Innere der eigentliche Character die künftige Person ganz entschieden. Die Zukunft gibt nur die Entwicklung und Ausbildung des schon bestimmten Characters." [14]

Gardener het bevind dat die grootste persentasie van alle verstandelike en opvoedkundige vorming gedurende die eerste tien lewensjare van die mens plaasvind.

1.2.2. Vervolgens word die studie beperk deur slegs ondersoek te doen na die wyses waarop die verstandelik begaafdes ontplooi kan word tot die hoogs moontlike doeltreffendheid en bate vir volk en vaderland.

As verdere begrensingsfaktor word die ondersoek slegs bepaal by leerlinge met intelligensiekwosiënt van 110+. In die vasstelling van bogenoemde onderste grens het die opsteller hom deur die volgende laat lei:

Die eerste opvoedkundige wat 'n definitiewe indeling van verstandelike vermoëns gemaak het, was Terman wat die volgende indeling gebruik het:

TABEL II

TERMAN SE INTELLIGENSIEKWOSIëNT-INDELING

Geniaal	140+
Baie Superieur	120-140
Superieur	110-120
Gemiddeld	90-110
Domnormaal	80- 90
Subnormaal	70 [16]

14) Grey, A.M. Die belangrikheid van spel by die aanvangsonderwys, p.181.

15) Cronjé, F.J.C. Die voorskoolse kind in hierdie wêreld, 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.198.

16) Hollingworth,op. cit., p.42.

Hollingworth beskou verstandelik begaafde leerlinge as diegene wat ooreenkomstig gestandaardiseerde, geldende metingskale oor vermoëns bo die normale beskik. "It is apparent that academic talent is highly prized within the school setting. It is typically associated with and restricted to the so-called mentally gifted." [17]

Hildreth sien die verstandelik begaafde as "one who excels markedly in ability to think, reason, judge, invent or create." [18]

Sumption & Luecking sien die verstandelik begaafde as "those who possess a superior nervous system characterized by the potential to perform tasks requiring a comparatively high degree of intellectual abstraction or creative imagination." [19]

1.2.3. Talentvolle leerlinge

Aangesien daar maklik misverstand kan ontstaan indien begaafdheid nie spesifiek gekwalifiseer word nie, is dit nodig om 'n verskil te maak tussen verstandelik begaafd en talentvol.

Hildreth beskou die talentvolle as "those with special talents in the arts or mechanical ingenuity and so on." [20]

Havighurst sien talent as "superior performance in any area of complex human activity." [21]

Rice klassifiseer talent in ses afdelings, naamlik skeppende vermoëns; psigososiale talente soos geopenbaar in leierskap; begaafdheid in verband met skone kunste; kinestetiese vaardighede soos bv. atletiek en gimnastiek; vaardigheidsvermoëns soos aangetref by die beeldhouer, skilder, kleremaakster en kabinetmaker en laastens diegene met meganiese-tegniese vermoëns.

---

17) Rice, J.P. The gifted. Developing total talent, p.11.
18) Hildreth, op. cit., p.21.
19) Ibid., p.21.
20) Ibid., p.23.
21) Rice, op. cit., p.10.

Vir die doel van hierdie studie word daar slegs op verstandelike begaafdheid gelet terwyl talentvolheid as sulks geïgnoreer word.

1.2.4. Die studieveld

Hierdie studie behels die voorkoms van verstandelik begaafde leerlinge in die Vaaldriehoek.
Ten einde 'n studie van hierdie verstandelik begaafde leerlinge te maak en tot die vraagstuk in verband met spesiale onderwys vir diesulkes deur te dring, is dit nodig dat 'n duidelike beeld van die huidige onderwys van die begaafde kind in die laerskool onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry word. Dit is ook nodig om kortliks op die bestaande onderwysgeriewe en -geleenthede vir verstandelik begaafdes te let.

Ooreenkomstig die jongste ondersoeke van die Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement sal die huidige onderwys in die geskiedenis onthou word as dié tydperk van vernuwing.[22] Hierdie vernuwing het plaasgevind en vind tans nog plaas langs die hele linie van onderwys en opvoeding. Dit strek vanaf aanvangsonderwys in die laerskool tot die eindeksamen in die hoërskool. Hierdie vernuwing is ingelui deur die verskaffing van doelmatige moderne fisiese geriewe in die vorm van geboue, ameublement, voorrade, 'n verskeidenheid opvoedkundige hulpmiddels en behoorlike terreine. Ingrypende wysiginge met betrekking tot veral sillabusse, skoolorganisasie en -administrasie, die stelsel van inspeksie, bevordering van onderwysers en die invoering van vakke soos jeugweerbaarheid het die vernuwing gekenmerk. Die insluiting van die sogenaamde beroepskole onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement vanaf 1968 dui op sentrale onderwysbeheer en bring die moontlikheid van

---

22) T.O.D. Omsendminuut 97 van 1972.

volledige differensiasie nader aan die werklikheid.

Die verdere implementering van gedifferensieerde onderwys vanaf Januarie 1973 en die instelling van verskillende fases in laer- sowel as hoërskole in Transvaal, kenmerk een van die hoogtepunte in die ry vernuwings langs die hele opvoedingslinie.[23] Die uiteenlopende vermoëns van verskillende individue ontvang nou verdere erkenning van owerheidsweë, en 'n verskeidenheid onderwysgeleenthede en -inrigtings is gevolglik ingestel. Onder die heersende stelsel word voorsiening gemaak vir die onderwys van verstandelik afwykende kinders sowel as liggaamlik gestremdes, terwyl verskillende studie-afdelings in laer- sowel as hoërskole ingevoer word.[24]

1.3. PROGRAM VAN STUDIE

1.3.1. Lokaliteit

Om die insameling van gegewens te vergemaklik word daar van veertien groot skole (PI en PII) [25] in die Vaaldriehoek gebruik gemaak. Hierdie skole ressorteer almal onder die Transvaalse Onderwysdepartement. Bogenoemde afbakening verdien egter verdere toeligting. Die Vaaldriehoek is gekies omdat dit een van die vinnig-ontwikkelende nywerheidsgebiede in die Republiek is. Om tot agtergrondkennis van die skoolgaande kind van die Vaaldriehoek te kom is dit ook nodig dat daar gelet sal word op die huislike en ekonomiese agtergrond van die ouers.

---

23) T.O.D. Omsendbrief 19 van 1972.

24) Die laer- asook die hoërskool is elkeen in 'n junior en seniorafdeling ingedeel.

25) PI-skole: 600 en meer leerlinge.
PII-skole: 200-600 leerlinge.

Die taak waarmee die ouer hom besig hou ten einde 'n lewenstog te verdien, moet ook in oënskou geneem word. Alle beroepsgroepe is goed verteenwoordig. Die volgende tabel gee die verteenwoordigende beeld van die verskillende beroepsgroepe in die gebied weer.

TABEL III

DIE VOORKOMS VAN ENKELE PROFESSIONELE BEROEPSGROEPE IN DIE VAALDRIEHOEK. [26]

Aptekers	44
Medici	111+
Ingenieurs	360
Onderwysers	1 360
Tandartse	31
Prokureurs	24
Predikante	43

Veertien Afrikaansmedium skole is gekies omdat daar in die Engelstalige skole alhier 'n sterk immigrante-element teenwoordig is. Baie van die immigrante is nie een van die amptelike tale volkome magtig nie en daar kan dus nie op die egtheid van hul toetsresultate peil getrek word nie. Verder is daar slegs vyf Engelsmedium laerskole teenoor sewe-en-twintig Afrikaansmediumskole.

TABEL IV

VERSPREIDING VAN LAERSKOOLLEERLINGE IN DIE GEBIED SOOS OP 22 SEPTEMBER 1972. [27]

Afrikaanse skole	13 449
Engelse skole	3 374
Verhouding Afrikaans:Engels	74.9% : 25.1% of 3:1

26) Gegewens verkry uit persoonlike navrae op verskillende dorpe en die Skoolraad van Vereeniging.

27) Gegewens verkry vanaf kwartaalstate vir die derde kwartaal 1972, Skoolraad van Vereeniging.

Daar is op veertien uit die sewe-en-twintig skole besluit omdat dit die skole met 'n inskrywing van vierhonderd en meer leerlinge in die Vaaldriehoek is. Die groter getalle vergemaklik die organisasie van die hele projek.

1.3.2. Program van studie met betrekking tot begaafdheid en leierskap

Ooreenkomstig die voorgaande doelstelling in verband met die behoefte aan doeltreffende leiers op alle lewensterreine in die Vaaldriehoek, is dit nodig om die verband tussen verstandelike begaafdheid en leierskap in die algemeen en die Vaaldriehoek in besonder in oënskou te neem.

1.3.2.1. Geskiedkundig

Plato het 400 jaar v.C. in sy "Republiek" beweer dat sommige kinders verstandelik baie begaafder is as andere, want "...we must watch them from their youth upward, and make them perform actions in which they are most likely to forget or to be deceived, and he who remembers and is not deceived is to be selected and he who fails in the trial is to be rejected. That will be the way." [28]

Getrude H. Hildreth sien verstandelike begaafdes as diegene wat andere oortref in verstandelike ontwikkeling met betrekking tot persepsie, ruimtelike oriëntasie, psigomotoriese beheer, taalgebruik, onthouvermoë asook in praktiese oordeel, redevoering, denke, probleemoplossing skeppende denke en verstandelike vermoëns. [29]

Leierskap vereis besondere kwaliteite wat deeglike opleiding en ontwikkeling vereis.

---

28) Hollingworth, op. cit., p.23.

29) Hildreth, op. cit., p.23.

"As early as the sixteenth century, a Mohammedan ruler selected the 'fairest, strongest and most intelligent youth' to train as leaders. These efforts were reported to have been highly sucessful." [30]

1.3.2.2. Die program van studie en leierskap

Hollingworth beskou verstandelike vermoë as die grootste krag agter alle menslike bedrywighede en noem dit intellek of intelligensie.

Engelse opvoedkundiges beskou begaafdheid bloot uit die oogpunt van intelligensie soos gemeet deur intelligensietoetse.

Die behavioriste glo dat enige gesonde kind tot enige spesialiteit opgevoed kan word. Terman en Oden glo dat alle kinders, afgesien van potensiële moontlikhede, in die eerste plek kinders is, en elke kind het die fundamentele behoeftes van 'n kind, of hy begaaf is of nie. Die kind moet fisiek, emosioneel, sosiaal en verstandelik tot die uiterste van sy vermoëns groei.

Die belangrikheid van hierdie stelling word veral duidelik as ons dit sien in die lig van Hollingworth se beskouing in verband met die behoefte aan leiers. "Men feel the need of gifted thinkers whenever personal or community emergencies arise. Advice is being earnestly and constantly sought. Especially for puposes of government, defence, religious intercession, and relief from pain, men need and seek with all their might for good thinkers. Power comes to those who can act ably and give general satisfaction in such matters." [31]

1.3.2.3. Program van studie en die ontdekking van die verstandelik begaafde leerling

Ontdekking van die verstandelik begaafde en talentvolle in al sy onderskeie begaafdehede is 'n moeilike

---

30) Witty, Paul. The gifted child, p.1.

31) Hollingworth, op. cit., p.342.

dog besonder belangrike taak vir diegene wat met die opvoeding en onderwys van diesulkes te make het. "Most talent or giftedness will not come out by itself. It must be brought out." [32]

Dit is verder so dat hierdie begaafdhede so vroeg moontlik ontdek en ontwikkel moet word. Gowan & Demos haal Terman soos volg in dié verband aan: "In a majority of cases the superiority of the gifted child is evidenced at a very early age. Among the most commonly mentioned indications are intellectual curiosity, wealth of miscellaneous information and a desire to read." [33]

In hierdie studie is van hulp van onderwysers en van 'n intelligensietoets gebruik gemaak om die verstandelik begaafde kind te ontdek.

1.3.2.4. Onderwyser

In die eerste fase van ontdekking van die verstandelik begaafde kind is gebruik gemaak van skattings deur belanghebbende klasonderwysers. Alhoewel baie opvoedkundiges soos Witty en Terman beweer dat die onderwysers slegs by magte is om 'n geringe persentasie van verstandelik begaafde leerlinge in hul klasse te identifiseer, bly onderwysers belangrike bepalers van verskillende begaafdhede. "The teacher and her methods are important factors in finding the bright, talented or gifted. She creates atmosphere which makes talent show itself." [34]

---

32) Osburn, W.J. & Rohan, B.J. Enriching the curriculum, p.97.

33) Gowan, J.C. & Demos, G.D. Education and guidance of the ablest, p.33.

34) Osburn & Rohan, op. cit., p. 98.

Met behulp van die betrokke klasonderwysers is nou 'n groot aantal seuns en dogters in die junior-afdeling van die laerskool uitgesoek met die oog op verdere toetsing. Die klasonderwyser het hierdie verstandelik begaafde leerlinge aanbeveel nadat daar minstens twee kwartale lank intensief met hulle kennis gemaak is deur middel van klasonderwys.

1.3.2.5. Gestandaardiseerde verstandstoetsing

Die terme "intelligensiekwosiënt" en "intelligensie-prestasie" is gedurende die jongste tyd baie krities beskou. Opvoedkundiges soos Sonnekus en Van der Merwe bepaal hulle liewer by "...die onderskeibare gedifferensieerde wyses van aktualisering van die intelligensie." [35)]

In hierdie studie word 'n verstandstoets gebruik met die uitsluitlike doel om 'n aantal verstandelik begaafde leerlinge te ontdek.

Met die spesifieke gebruik van verstandstoetse word die besware en probleme in verband daarmee nie ontken nie, maar word dit bloot as objektiewe keurings-kriterium gebruik om die verstandelike vermoë van die leerlinge wat deur onderwysers uitgesoek is verder wetenskaplik te bepaal. Die betrokke verstands-toets is beskikbaar gestel deur die Raad vir Geestes-wetenskaplike Navorsing. Met behulp van hierdie toets is in 'n groter mate tot objektiewe klassifisering gekom as bloot met behulp van die skattings van onder-wysers.

---

35) Van der Merwe, C.A. Die aktualisering van intelligensie by die agterlike kind. Opvoedkundige Studies Nr.63, p.18. Uitgegee deur die Werkgemeenskap ter Bevordering van Pedagogiek as Wetenskap. Universiteit van Pretoria.

36) Die NB-groeptoets vir vyf- en sesjariges 209PV. en die NB-groeptoets vir sewe- en agjariges NB.210.

1.4. SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat die doelstelling van hierdie studie daarin lê om sekere aspekte van verstandelike begaafdheid in die Vaaldriehoek te ondersoek.

In die ondersoek na verstandelike begaafdheid sal veral getrag word om aandag aan die volgende aspekte te gee:

1.4.1. Begrip

Daar word getrag om tot 'n beter algemene begrip van die onderwystaak in verband met die verstandelik begaafde leerling te kom. Hier word veral klem gelê op die belangstelling van ouers en onderwysers.

1.4.2. Wenke

Deur middel van hierdie studie word daar verder wenke aan die hand gedoen wat vrugbaar deur onderwysers tot voordeel van die verstandelik begaafde leerling, geïmplementeer kan word.

1.4.3. Onderwystaak

Verder word getrag om gesindhede van verbeterde verstandhouding van die hele opset van spesiale onderwys vir verstandelik begaafdes by die onderwysowerhede tuis te bring.

1.4.4. Wenslikheid

'n Verdere doelstelling van hierdie studie is om die wenslikheid van spesiale onderwys in die Vaaldriehoek te beklemtoon. Aangesien daar 'n groot behoefte aan leiers op alle terreine van die nywerheidsontwikkeling in die Vaaldriehoek bestaan, word die wenslikheid van spesiale onderwys vir verstandelik begaafdes in dié gebied al meer aktueel.

1.4.5. Moontlikheid

Ten einde die nodige aandag aan leerlinge met spesiale verstandelike vermoëns te skenk wil hierdie studie die moontlikheid van sodanige onderwys ondersoek. Daar sal veral ondersoek

gedoen word na die voorsiening van die nodige finansies, beskikbare onderwysers asook watter metodes benodig word vir die onderwys van verstandelik begaafde leerlinge.

Aansluitend hierby wil die opsteller ook die wenslikheid van spesiale onderwys vir verstandelik begaafdes onder die aandag van alle belanghebbendes bring. In die verband haal Hughson, Calvin E. Cross, soos volg aan: "We need to exercise more precision as we consider the talents of each student. We need to stop gearing our whole enterprise to the average student."[37)]

Ten slotte dien twee sake veral aandag te geniet, naamlik die daarstelling van 'n duidelike beeld van die voorkoms van verstandelike begaafdheid onder leerlinge van die Vaaldriehoek en tweedens, die implementering van 'n moontlike oplossing van die onderwysprobleme van dié leerlinge. Laasgenoemde kom hoofsaaklik op die volgende neer:

1.4.5.1. Gebrekkige aandag aan die verstandelik begaafde leerling met betrekking tot aanvangsonderwys.

1.4.5.2. Gebrek aan uitdaging van die verstandelike vermoëns van die verstandelik begaafde leerling in die juniorafdeling van die primêre skool.

1.4.5.3. Swak implementering van verryking van die leergang vir die verstandelik begaafde leerling.

1.4.5.4. Gebrekkige groepering van verstandelik begaafde leerlinge in homogene groepe.

---

37) Hughson, A. The case for intelligence testing, Onderwysbulletin, Vol.X Nr.1 Maart 1965. p.491.